


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

Oktober 2025 Volume 1 Uitgawe Nr 23




KITSNUUS ⊕ Lees meer binne

**Rubriek: Woltemade wynvlieg**
*Bl 2*

**Hannes du Preez gesels**
*Bl 3*

**Johan skuif na akademie**
*Bl 3*

**Menings**
*Bl 4*

**OVR nuwe bestuurslede**
*Bl 5*

**Kinderakademie voed op**
*Bl 5*

**Toneelgeselskap**
*Bl 7*

**Karnaval 2025**
*Bl 9*

**CVO matriekafskeid**
*Bl 11*

**Tafeltennistoernooi**
*Bl 12*

**SKAKELS**

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

**NOODNOMMERS**

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# President Paul Kruger – 200 jaar later

Die replika van die President Paul Kruger standbeeld word op 10 Oktober 2025 in Orania onthul. Verskeie sprekers het die geleentheid gehad om hul gedagtes tydens die onthulling te deel.



Dr Danie Langner
Besturende Direkteur: FAK

"Sy lewe het weer met ons in die konteks van 2025 begin praat. 'n Groot roepstem het deur die eeue gekom, 'n appèl op elke Afrikaner, helder en dringend, soos 'n klok wat begin lui oor hierdie land."



Riaan Jacobs
Voorsitter: Orania Verteenwoordigende Raad

"Toe die reis om Oom Paul in Orania te vestig, begin het, was my eerste gedagtes iets soos dat dit 'n mooi huldiging is van een van ons groot volkshelde en ons moet ons erfenis bewaar, anders is daar niks meer oor nie'."



Hannes Noëth
Voorsitter: President Paul Kruger Stigting
Uitvoerende Hoof: Helpende Hand

"Ons weet dat nie almal hierdie daad sal verstaan nie, maar in die woorde van een van ons grootste politieke antagoniste: 'n Standbeeld is nooit onskuldig nie. Dis 'n vorm van politieke kommunikasie, 'n aanspraak op ruimte en rigting, van wie behoort en wie nie."



Johan de Klerk sal voortaan as die Hoof van Akademie sy rol vervul. Hy het op 1 Oktober die aflosstokkie vir die amp as Skoolhoof van Orania CVO-skool aan Susan Nieuwoudt oorhandig. Koerania wens albei 'n wonderlike ervaring toe met hul nuwe verantwoordelikhede.



**KOERANIA REDAKSIE:** Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp: Orania Digitaal | Kontakbesonderhede redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



**KOFFIE EN KLETS**
**met die redakteur**



# Deel van iets nuuts

Die vraag: Wanneer laas het jy iets nuut gedoen? Iets wat jy nog nooit voorheen gedoen het nie. Iets wat jou verryk. Iets buite jou gemaksone. Iets wat jou denke of dade vernuwe, is 'n gunsteling van my.
As ek om my kyk is daar baie mense wat nie ja op dié vraag kan antwoord nie. Wanneer het ons as mense so gemaklik (of liewer ongemaklik) geraak? Wanneer het ons so tevrede geraak met wat ons doen, dink of beleef? Die ongemaklike gemaksone wat geen grense toets nie kan tog nie verandering bring nie.
Dit bring nie verandering vir my leefstyl, denkwêreld of metodes wat ek aanwend om my lewe vol te maak nie. Daar is aksie nodig voordat verandering kan geskied. Daar moet 'n beweeg van A na B wees om te vernuwe, te groei of te verander.
Ek hou Koerania se sosiale media platforms dop om te beleef hoe mense nie lus het om nuut te dink, of selfs vir hulself te dink nie. Ons het so gemaklik geraak met die ongemak daarvan dat ander namens ons dink of besluit.
Legio opinies is oor die daarstel van die Paul Kruger standbeeld in Orania geuiter. 'n Replika van 'n stuk erfenis het nog nooit soveel mense laat gons nie. Die oorgrote meerderheid is positief en herleef 'n stukkie geskiedenis en gebruik die geleentheid om die feite met hulle kinders, die jonger geslag of ander kulture te deel.
Tog voel dit of die geskiedenis homself herhaal... Die gemaksone het negatief, minder wees, kleiner maak, afbreek en selfs oorlog geword. Ek weier egter om my denke na so 'n laagtepunt te laat spin!
Ek wil deel wees van 'n omgewing waar daar opgebou word, gebou word en 'n positiewe uitkoms die doel is. Wag jy vir iemand anders om die opbou en positiewe uitkoms te bewerkstellig? Of is jy daar in jou vriendekring, straat, buurt, dorp of stad die een wat innovasie voorhou? Wat jubel oor 'n nuwe idee? Wat feesvier oor 'n goeie daad? Indien jy nie is nie, maak tog plek vir iemand wat is! Oktobermaand is die mooiste maand. Skryf in vir die Ons Paradys Tuinuitdaging? Gaan maak 'n verskil by die tehuis vir bejaardes? DOEN net iets! Praat minder en doen meer!
Skink vir iemand 'n koffie wat dit nie verwag nie. Doen iets nuut vir jouself en jou gemeenskap! #Herlaai

*Dia van Aarden*

# RUBRIEK Die Wynvlieg waai in Oom Paul se Selfie

Deur: Wynvlieg Woltemade

Daar was 'n vreemde gegons in Orania die dag toe die nuwe Paul Kruger-standbeeld onthul is. Nie net van die mense nie, maar van data.
Selfone het gebiep, kameras geklik en selfs die tannies met sonhoede het filters uitgetoets. Orania was op 4G. Dis die eerste keer dat Oom Paul, die ou Boerepresident self, in die wolk was. Die datawolk.
Hy staan nou daar, streng soos altyd, baard in die wind, stok in die hand, kyk uit oor 'n dorp wat hom eer met sonselle en SnapScan. En oral om hom, mense met selfone in die lug. Glimlaggend, poseerend. #Trots, #Erfenis, #OnsBou.
Dis 'n nuwe soort volksfees: minder psalms, meer pixels.
As Oom Paul kon praat, sou hy dalk vra: “Wat's 'n hashtag, en hoekom hou julle my kop so snaaks teen die son in die lug?”
Of dalk sou hy net stil kyk en dink: “Wel, kinders, elke tyd het maar sy manier om dankie te sê.”
Want dis die ding: mense wou deel wees van iets. Nie net om te kyk nie, maar om te wys: “Ek's hier. Ek's deel van hierdie storie.” Dis maklik om te lag vir die selfies, maar miskien is dit net die moderne weergawe van die stoet op Kerkplein- mense wat saam iets groter vier. En dis nie leeg nie. Daar was kinders met vlaggies, tannies met pannekoek (R10 elk, kontant of SnapScan), en jongmense wat planne maak vir nuwe sake en skole. Dis die Afrikaner se spesiale talent: om te bou, selfs as niemand seker is waarmee nie.
Tussen al die filters en hashtags kon Wynvlieg sweer Oom Paul se brons oë kyk 'n bietjie skeef. Nie uit oordeel nie, daardie tipiese Afrikaanse kyk van: “Dis goed, kinders. Julle onthou my. Nou wys my wat julle bou.”
Want trots is nie 'n standbeeld nie- dis 'n bouery. En erfenis is nie net iets wat jy onthul nie- dis iets wat jy aanhou leef. Selfs in sonpanele, Excel-velle en SnapScan-pannekoeklyne bly daar daardie koppige gees: stil, trots, vas.
Ek's Wynvlieg Woltemade. Ek het ook my selfie geneem- nie om te wys ek was daar nie, maar om te onthou dat erfgoed nog beweeg. Want selfs in brons, bly ons mense bou. En dis dalk presies hoe Oom Paul dit sou wou hê: Nie 'n beeld van verlede nie, maar 'n sein van toekoms.

Lees Dit!
Deel Dit!
koerania.co.za



# President Paul Kruger – 200 jaar later









Trots… Pieter Bisschoff, Flip Buys, Kallie Kriel, Hannes Noëth, dr Dirk Hermann, Appie Pienaar, dr Danie Langner, Frans de Klerk en Joost Strydom.






# Plaasmoorde beklemtoon



Op 5 Oktober is daar 'n samekoms by die Witkruis Monument tussen Mokopane en Polokwane gehou.
Daar is weer 'n rits wit kruise geplant vir persone wat tydens plaasmoorde vermoor is. Kallie Roux skryf op die Facebookblad: Hier waar die son stilletjies elke oggend oor die horison kom loer, en sy strale saggies neerlè teen die voet van Ysterberg.......Hier staan ons Monument. 'n Toonbeeld van baie hartseer en bloed wat onnodig gevloei het. Elke kruis wat hier staan het 'n naam. Elkeen vertel sy eie storie, van marteling en moord. Nou net name, van stemme wat stil geword het. 'n Grafsteen. 'n Houtkissie. 'n Kruis.
Dis hier waar realiteit jou aan die hart vasgryp, en jy staan met emosie van 'n hartsverlagende herinneringe.
'n Lewendige Monument, enige in sy soort, wat groei by die dag. 'n Monument wat na hulp roep oor die sonsopkomste en ondergange, vir hierdie land en sy mense. GENOEG IS GENOEG!!!!.......Maar tervergeefs.... steeds word daar jaarliks meer en meer kruise geplant, en dit a.g.v. die bloedvergieting in die land... HOOR ONS SMEEKGEBEDE O HEER!
In Grond tot Mond van SAAI is daar onlangs geskryf:
'n Nuwe verslag oor plaasveiligheid wat onlangs in die parlement bespreek is, word deur die landbougemeenskap verwelkom, maar daar is steeds groot bekommernisse oor die inhoud en fokus daarvan. Volgens Theo de Jager, voorsitter van die direksie van die organisasie Saai, is dit wel 'n belangrike eerste stap dat die regering uiteindelik erken dat plaasaanvalle anders is as ander geweldsmisdade – maar dit is nie genoeg nie.

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

PROMOSIE ARTIKEL

# Die Onveranderlike Waarde van Waarheid: 'n Blik op Hannes du Preez

Dia van Staden


Foto: Anné van Zyl

Hannes du Preez, Besturende Direkteur en Hoof Beleggingsbeampte van Prima Batebestuur, is 'n man wat in die krag van eerlikheid glo. Hy was hoof van rentedraende bates by Standard Aksepbank en Rand Aksepbank (RAB). Was ook hoof beleggingsbeampte van RAB-batebestuur. Het op drie groepmaatskappye se direksies in die Firstrand groep gedien, waarvan een 'n oorsese maatskappy was. Met 'n rits grade, 3 "Raging Bull" toekennings, 35 jaar in diskresionêre batebestuur en 18 jaar sedert hy Prima in 2007 gestig het, is sy leiersfilosofie eenvoudig: "Die enigste geldeenheid wat nie verander nie, is die waarheid."

As 'n Christen streef Hannes daarna om so eerlik en opreg as moontlik te wees. Dit beteken om foute op die ken te vat, dit reg te stel, en nooit die waarheid te versag nie. Hierdie standvastigheid het hom in staat gestel om vertroue te behou, selfs deur groot krisisse in beleggingsmarkte. Saam met Wilmie (sleutelpersoon van administrasie) en Erik (sleutelpersoon van buitelandse beleggings), vorm hulle die kernspan wat Prima se opbrengste en dienslewering dra.

Sy werksetiek is 'n kernmotief: "Jy word vergoed om sekere pligte na te kom, en dit vereis dat jy fluks en spoedeisend werk, selfs aan take en pligte buite jou posbeskrywing."

Hannes se sterkste punt in die wisselvallige beleggingswêreld is die vermoë om spanning te bestuur. In 'n industrie waarin jy nie altyd goed gaan presteer nie, is die vermoë om kalm te bly, effektief fondse te bestuur en steeds kliënte se vertroue te wen, van uiterse belang. Sy analitiese vaardigheid, geslyp by vorige werkgewers wat krities ingestel was, help hom om risiko's te identifiseer en geleenthede te sien.

Kommunikasie met kliënte is ewe belangrik: Om sake so oor te dra dat hulle besef Prima dra hul belange op die hart.

Sy grootste swakpunt is sy "knorrigheid" oor onderprestasie en onnodige afleiding van verantwoordelikhede soos byvoorbeeld die inligtingsontploffing op sosiale media, waar kliënte ongefundeerde menings vorm, wat reggestel moet word en te veel tyd in beslag neem. Hy kritiseer homself omdat sy regstellings nie tyd effektief is nie.

Hannes glo dit is deurslaggewend om mense doelmatig te bestuur deur hul sterk en swak punte te ken en hulle in die regte posisies aan te stel. Hy beywer hom vir 'n omgewing waar mense kritiese vrae kan vra oor Prima se funksionering wat weer help om die maatskappy se operasionele funksie te verbeter.

Sy leierskap word gekenmerk deur totale deursigtigheid. "By Prima is daar byvoorbeeld geen geheime oor salarisse nie, en verskille in vergoeding is verdedigbaar en gebaseer op bydrae." Hannes self het in die eerste drie jaar geen salaris geneem nie en geen verhoging in die afgelope vyf jaar nie. Hierdie oop inligtingsmetode bemagtig werknemers, verskaf nuwe invalshoeke en identifiseer risiko's vinniger.

Hannes is nou 63 jaar oud, getroud met Sandra en het drie kinders – Lourens, Wilmie en Erik. Hy is trots op sy 7 kleinkinders.

Oor die breër landsekonomie is hy pessimisties: Hy sien produksiefaktore onder geweldige druk en beskou sosialisme en 'n sterk kommunistiese omgewing as struikelblokke vir ekonomiese groei.

Vir Orania is sy boodskap sterk: "Ons moet vryemarkbeginsels hier toepas sover dit moontlik is, binne die beperkings wat SA vir jou gee." Hy glo die "staat" se rol moet so klein as moontlik wees om ekonomiese groei te stimuleer, gefokus op landbou en vervaardiging. "Dit sal opofferings verg om onafhanklikheid te bou, sodat Orania nie net 'n geografiese keuse is nie, maar 'n plek waar 'n bestaan gemaak kan word, selfs as die SA ekonomie faal."

As 'n liefhebber van die natuur en geskiedenis, hou hy van jag en visvang en hy glo dat die geskiedenis die beste leermeester is. Die toekoms van Orania lê in die onvermydelike strewe na vryheid, en hy glo dat die jong Orania kinders van vandag sal opstaan as toekomstige leiers in die vryheidstrewe. Ten slotte, oor aftrede: "Ek sal doodgaan as ek aftree. Ek voel nog goed en kan nog 'n bydrae maak."

**Kontak Prima Batebestuur by 053 207 0106 of stuur 'n epos na admin@primabatebestuur.co.za om meer besonderhede te bekom.**

Prima Batebestuur (Edms) Bpk

# Johan gee die aflosstokkie na meer as 13 jaar oor

Dia van Staden


Foto: Dia van Staden

Na dertien en 'n half jaar aan die stuur van die Orania CVO-skool, het Johan de Klerk die aflosstokkie amptelik aan Susan Nieuwoudt oorhandig. Op 56-jarige ouderdom kyk hy terug op 'n onderwysloopbaan van 32 jaar, meesal toegewy aan die plattelandse kind.

Johan se pad het in 1990 by Kovsies begin, waar hy onderwys studeer het. Hierop het 'n diepgaande teologiese reis gevolg, wat sy eerste voltydse graad, tesame met twee nagraadse teologiegrade, insluit. Hy het sy akademiese kennis verder verbreed met 'n Honneurs in Onderwysbestuur en- leierskap.

Die skuif na Orania was vir hom en sy gesin – vrou Leoni, dogter Christi en seun Drian, 'n natuurlike progressie. Eben is in 2015 in Orania gebore. "Van laerskool af het ek met politieke bewustheid grootgeword," verduidelik hy. Op universiteit, reeds in 1990, was die konsep van Orania en die volkstaatgedagte op die voorgrond. Die familie het in 2012 na Orania verskuif nadat die skoolhoofpos geadverteer is. Na 18 jaar in Brandfort, waar hy onder andere as tegniese onderwyser skoolgehou het, was die aansporing om na Orania te skuif groot. Die Orania-verbintenis was lank reeds daar – hy het menige vakansie hier by sy broer, Frans, kom kuier en vele sypaadjies geskoffel.

Een van sy grootste hoogtepunte in die onderwys was toe 'n seun, wat in 2016 in matriek was, onlangs vir hom 'n Whatsapp-boodskap gestuur het: "Ek wil net sê jy was 'n great skoolhoof gewees. Jy het met jou eerste toespraak genoem dat jy die waardes van die skool sou behou. Onder jou leiding het die skool 'n spogskool en uitblinker in die Noord-Kaap geword. Jy het daartoe bygedra dat ek ontwikkel het in die man wat ek vandag is. Ek is opreg dankbaar daarvoor." Vir Johan bevestig sulke woorde dat die onderwys die moeite werd is. "'n Mens saai wetend en onwetend in iemand se lewe," noem 'n emosionele Johan.

Hy beklemtoon die unieke uitdagings van plattelandse onderwys: "Plattelandse hulpbronne is altyd minder, en daarom is die uitdaging om te kompeteer groot." Hy glo egter plattelandse kinders staan hulle plek in gemeenskappe vol en dat die skool die hulpmiddels uit die gemeenskap moet kan aanwend.

Onder sy leierskap het die klassikale deel van die skool van 210 tot meer as 350 kinders gegroei wat die ankerrol van CVO in Orania beklemtoon.

'n Leierseienskap wat hy respekteer, is waar iemand wat die Here ken, homself nie heeltyd op die voorgrond stel nie, maar die saak dien."

Sy gunsteling tydverdryf is bergfietsry, 'n stokperdjie wat begin het toe hy 'n fiets as geskenk van sy broer af gekry het, en die jaarlikse staptogte wat hy reël.

Nou wink daar nuwe opwinding. Hy sien daarna uit om in die gemeenskap by te dra, veral met die jeugbediening by die NG-Kerk. Hy wil fokus op die kwaliteit van sy prediking sodat daar lewe daaruit kan kom.

Sy nuwe rol as Akademiese Hoof by die skool beteken dat Johan sal fokus op die handhawing en bevordering van opvoedkundige standaarde en gehalte binne die skool. Dié pos behels 'n mengsel van strategiese akademiese leierskap, kwaliteitbeheer, personeelontwikkeling en gespesialiseerde leerderondersteuning, alles binne 'n raamwerk wat innovasie aanmoedig om volhoubare akademiese sukses te verseker.

Sy wens vir CVO Skool Orania is dat hulle van krag tot krag sal gaan en 'n verskil in kinders se lewens maak sodat hul toegerus sal wees vir die lewe. Vir Susan het hy seënwense, met die hoop dat die skool se opvoedkunde en die bestuurstyl van die waarheid sal getuig. Aan die oudleerders is sy boodskap: "Mag dit wat julle by Orania CVO geleer het, jou anker wees vir jou taak en roeping."

Die Orania Sakekamer se maandelikse netwerkgeleentheid is deur Frans de Klerk, Hoof van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy, as spreker aangebied. Hy het inligting gedeel rondom die ontwikkeling van die stadskern wat rondom die Paul Kruger standbeeld gebou sal word.





## MENINGS OPNAME

# Wat, volgens u, is die waardetoevoeging tot Orania om die Paul Kruger standbeeld in ons stadskern te hê?



### Cassien Enslin

Die ontwikkeling van die stadsplein is nog 'n baken vir die Afrikaner. Die beeld se teenwoordigheid skep die geleentheid vir ander Afrikaners om betrokke te raak by iets wat ons kultuur opbou. Onbekend is ongeliefd. Ons het 'n groot taak om die volk weer op te voed en die Afrikaner lief te maak vir sy eie erfenis.




### Tony Correia

Die Paul Kruger-standbeeld voeg historiese en kulturele waarde toe aan Orania, as 'n simbool van Afrikaner-erfenis, roeping en volharding. Dit herinner ons aan God se leiding in ons geskiedenis en versterk die gemeenskap se identiteit en bestaansreg. Die standbeeld inspireer besoekers en inwoners om ons erfenis met dankbaarheid te koester.simbole, soos die een van Kruger, sigbare herinneringe is.



### Willie Steenkamp

My mening is dat sou die Kruger standbeeld verantwoordelik wees vir net 30% toename per jaar in toerisme en klein bietjie energie skep vir 100 gesinne om in Orania te vestig oor n langternyn, sal die gevolg van die standbeeld oor n tydperk van 20 jaar n finansiële inspuiting van ten minste R300 miljoen kan wees vir Orania.




### Driaan van Staden

Die Kruger-standbeeld is 'n kragtige, fisiese uitdrukking van Orania se kernwaardes van vryheid, selfstandigheid en die bewaring van Afrikanerkultuur en -erfenis. Dit skep 'n sentrale fokuspunt vir gemeenskaplike samekoms, wat 'n gevoel van identiteit en voortsetting by inwoners versterk. Die replika bied ook 'n waardige, veilige tuiste vir hierdie belangrike historiese simbool en trek kultuurtoerisme.



### Cara Tomlinson

Ek is opgewonde, trots en dankbaar. Ons het binnekort weer ȟ plek, ȟ plein, ȟ Afrikaner tuiste waar ons saam ons mooi erfenis wat ons van Bo gekry het kan leef. Die Afrikanervolk bou weer, die keer bou ons in Orania. Ons bou nie ons plek met "dooie replikas" of "sosiale media paragrawe" nie – ons bou op ȟ plek waar ons leef, waar ons aktief ons kultuur beoefen, waar ons erfenis lewend gehou word, ons geskiedenis oorvertel word en simbole, soos die een van Kruger, sigbare herinneringe is.



### Tiks Delport

Die Paul Kruger-standbeeld dra by tot Orania se kulturele identiteit en herinner ons aan die Afrikaner se geskiedenis en stryd om selfbeskikking. Dit dien as 'n visuele simbool van ons erfenis en waardes. Sy teenwoordigheid versterk ons gemeenskapsgevoel en toeristebelang.




### Willie Spies

Dit het geweldige simboliese waarde. Paul Kruger is die simbool van die republikeinse ideaal. Die feit dat hy Orania toe skuif stuur 'n baie sterk boodskap dat Orania die plek is waar Afrikaners se republikeinse ideaal vandag gestalte kry. Kruger keer eintlik terug huis toe.

# Huldeblyk: Oom Gert

Rikus van Staden



Dit is met 'n swaar maar respekvolle hart dat ek hulde bring aan 'n besondere mens en mentor — Oom Gert, of Uncle G soos baie hom genoem het. Iemand wat nie net ons kollega by Spektrum Ondernemings was nie, maar 'n ware voorbeeld van wysheid, nederigheid en standvastigheid.

Ons het Oom Gert in die konstruksiewêreld leer ken, meer onlangs waar hy as ons terreinbestuurder by 'n konstruksieprojek gewerk het. Van die eerste dag af het ons geweet ons het met iemand te doen wat sy werk met trots en eerlikheid doen. Hy het nie net die werk bestuur nie — hy het mense gevorm. Met sy rustige geaardheid en diep ervaring het hy elke situasie met geduld en insig hanteer, en altyd iets gehad om ons te leer, of dit nou by die werk was of oor die lewe self.

Wat ons altyd sal bybly, is hoe Oom Gert nooit sy menslikheid verloor het nie. Hy het almal met respek behandel, van die jongste werker tot die mees ervare kontrakteur. Hy het geglo dat elkeen waarde het, en hy het dit in sy dade gewys — dag vir dag, sonder vertoon.

Selfs toe die siekte sy liggaam begin verswak het, het Oom Gert se gees sterk gebly. Hy het met moed en waardigheid deur sy stryd gegaan, altyd meer bekommerd oor ander as oor homself. Sy geloof, sy humor en sy wysheid het ons almal aangeraak, en ons sal altyd onthou hoe hy, selfs in moeilike tye, met 'n glimlag grappenderwys gesê het: "Nou wat nou manne? 5 minute terug het jul dan niks makeer nie. Kom, die tyd stap."

Oom Gert laat vir ons nie net herinneringe nie, maar ook 'n nalatenskap van eerlikheid, harde werk en medemenslikheid. Elke projek, elke besluit en elke les wat ons by hom geleer het, dra nou sy handtekening.

Hoewel dit swaar is om totsiens te sê, weet ons dat Oom Gert se invloed voortleef — in die werk wat ons doen, die waardes wat ons uitleef, en die mense wat hy aangeraak het.

Dankie, Oom Gert, vir jou leiding, jou geduld en jou voorbeeld. Jy het nie net ons loopbane gevorm nie, maar ook ons lewens verryk. Jy is nie meer hier om saam met ons te bou nie, maar die fondament wat jy gelê het, sal vir altyd staan.

Rus sag, Oom Gert — jou lig bly helder in ons almal skyn.



Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# Nuwe besems vir die Orania Verteenwoordigende Raad



### JP Combrink se strewe na werklike verandering

JP Combrink het vir 'n graad in Sielkundige studeer, maar nie sy prakties voltooi nie. Sy mallemeule-lewe het hom daarna wye lewensondervinding laat opdoen. Hy het met verrassing sy verkiesing tot die Orania Verteenwoordigende Raad (OVR) aanvaar. Vir hom is die OVR meer as net 'n hoogste gesag; dit is die instrument om werklike verandering teweeg te bring en onophoudelik vir Orania se selfbeskikking en die drome van sy mense te beding.

JP is daarvan oortuig dat om bloot 'n plekhouer te wees tot die volgende verkiesing, tydmors is. Die nuwe raad se primêre fokus moet die uitbou van 'n grondwet wees. Hy beklemtoon dat die mandaat wat hy ontvang het, nie beteken hy mag namens die mense besluit nie. Inteendeel, die gemeenskap moet op die reis saamgeneem word en gehoor, verstaan en belange op die hart gedra word. Slegs dan sal daar respek vir die OVR se besluite wees.

Sy leierskapstyl is gebaseer op die beginsel dat 'n leier sy mense moet kan saamneem. Indien nie, moet hy padgee vir iemand wat dit kan doen. Hy gun die pioniers van Orania alle eer, maar sien die noodsaaklikheid in om die nuwe energie van jonger inwoners te benut. “'n Draadsitter vorder nie," meen Combrink; 'n besluit, selfs in moeilike omstandighede, is nodig.

JP streef na 'n klein, effektiewe groep wat sinvol kan debatteer en kommunikeer, gegrond op beginsels. Dit is 'n strewe na 'n model waar mense "deel aan die proses het," nie net 'n elite groep wat besluite vir hulle neem nie. Sy grootste selfopgelegde taak is om die “V” in die OVR te versterk deur Oraniërs se belange te beskerm terwyl ons druk vir selfbeskikking.



### Pieter Loots: Die krag van deelnemende kommunikasie in Orania

Pieter Loots se primêre doelwit in die Orania Verteenwoordigende Raad (OVR) is die bevordering van beter kommunikasie tussen leierskap en die gemeenskap. Hy glo nie besluite moet van bo af kom nie, maar dat leiers en inwoners in 'n konstante gesprek moet wees om te verseker dat almal se idees en bekommernisse verreken word. “Hierdie is die essensie van 'n deelnemende gemeenskap,” verduidelik hy.

Vir Pieter moet die OVR aktief leiding gee oor hoe kwessies soos die hantering van nasionale en internasionale media, om te voorkom dat inwoners se standpunte misbruik word. Wanneer vrae en kwellinge uit die gemeenskap opduik, moet die leierskap dit bespreek en met die beswaardes in gesprek tree. Dit is die manier om agterdog op te los en te verseker dat besluite met die volk se vryheidstrewe belyn is.

Hy beklemtoon dat volkstaat en stadsbou gelyktydig moet gebeur. Alhoewel die stad noodsaaklik is, is 'n stadstaat alleen nie die volledige oplossing nie; 'n territoriaal-gebaseerde streek is belangrik om dienste en voedsel aan die stad te kan voorsien.

Hy sien die huidige groeifase as opwindend, met toenemende verblyfregaansoeke, meestal van die Wes-Kaap af. Hy waarsku egter teen skadelike negatiewe kommentaar op sosiale media, wat die groei van die projek strem. Hy glo Orania het die ideologiese stryd gewen en betaal 'n premie vir Vryheid wat baie minder is as die veiligheidskoste elders in Suid-Afrika.

Die pad vorentoe lê in die finalisering van die OVR se Grondwet. Hierdie deurlopende proses sal deursigtig wees, met die insette van kenners en die breë gemeenskap. Loots glo vas die Here het Orania gestuur: "Ek sien geen ander langtermyn volhoubare oplossing nie. Orania is die hartland!“



Steen gekoop… Phillip Williams vertel met trots dat hy tydens die Presidensiële partytjie by die Voortrekkermonument op 24 September sy steen gekoop het om 'n bydrae te maak tot die Afrikaner se erfenis. “Ons het iets verloor. My taal en my land word verkrag. Dit is van ons weggeneem, en ek wou iets koop wat saakmaak.” Hy vertel dat dit belangrik is om jou naam op iets te laat sit wat as deel van jou nalatenskap kan dien. “Ek glo dat Orania dit mooi sal oppas,” vertel Phillip. Jy kan steeds dié projek ondersteun. Koop 'n steen vir die oprigting van die beeld by: orania.co.za/paul-kruger/

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES
TE KOOP

Toerusting en voorraad om swaarvoertuig en sleepwa remvoerings te vervang.

- Lugdruk Klinkmasjien
- Lugkompressor

**Veelsydige Voorraad:**

- Wieldromme
- Remvoerings
- Remskoene
- Klinknaels

Prys R40000 - onderhandelbaar.
**Kontak Andre van der Merwe - 0792559940.**

# Kinderakademie: Waar liefde groei en kinders hulself kan wees

Dia van Staden



Cheri de Vos van Kidz Academy Parow, Ilze Smit en Lily du Toit van Orania en Nicolene Bothma van Brackenfell het hulle kragte gesmee om strategie vir 2026 te bespreek.

Die Kinderakademie-familie, met takke in Parow, Brackenfell en Orania, deel 'n gemeenskaplike passie: om elke kind se unieke ontwikkeling te koester. Cheri de Vos van Kidz Academy Parow (sedert 1994) en Nicolene Bothma van Brackenfell (sedert 2004) vorm, saam met Ilze Smit in Orania, die kern van hierdie Christelik-gebaseerde voorskoolse instelling. Die akademie bedien kinders van baba tot Gr. R, asook 'n nasorgsentrum.

Nicolene Bothma, wat al 19 jaar in die veld is, beskryf haar werk as 'n ongelooflike ervaring. “Ek leer elke dag by die kinders,” sê sy. Die kern van hul missie is om die kind voor te berei vir sy toekoms, met 'n sterk fokus op interpersoonlike verhoudings en die ontwikkeling van beide klein en groot motoriese vaardighede. Die mantra is "Leer deur speel" – 'n metode wat verseker dat elke kind 'n stewige fondasie vir die laerskool kry.

Een van die Kinderakademie se grootste sterkpunte is hul vermoë om die langtermyn impak van hul werk te meet. Die nasorgsentrum dien as 'n barometer om te sien hoe hul voormalige kleuters by die laerskool vaar. Hulle streef daarna om slegs 'n stukkie klei wat gevorm word oor te stuur wat gereed is vir die volgende fase, en beklemtoon: "'n Gelukkige kind presteer beter!"

Die akademie is 'n teenvoeter vir die departementele druk wat onderwysers en kinders se vryspel verminder. Hulle fokus op 'n minimum skermtyd en moedig buitespel aan, met Vrydae wat spesifiek gereserveer is vir vryspel en pret. Hulle moedig ouerbetrokkenheid aan deur aktiwiteitsboeke wat familietyd rondom die week se tema stimuleer.

Hulle diens strek verder as net opvoeding. 'n Deeglike spyskaart, wat vars groente, stysel, vleis en selfs 'n nagereg op Woensdae insluit, verseker dat kinders se groeiende breine gesond gevoed word. Cheri beklemtoon dat ouers te veel op die skool staatmaak vir opvoedkundige take soos dissipline, maniere en respek, wat hulle probeer balanseer deur ouers weer betrokke te kry.

Ilze Smit, met byna 35 jaar ondervinding in voorskoolse onderwys, glo in die Orania-akademie se missie om 'n skool te vestig waar elke kind teen sy eie tempo kan groei. Haar passie lê by die kind wat nie altyd in die hoofstroom vorder nie. Sy glo daar is altyd hoop en wil sukses behaal met 'n kind wat nêrens anders inpas nie. Die kernboodskap is: "Ons breek nie af nie, ons bou op." Die instansie is daartoe verbind om die saad van Christelike waardes en selfvertroue in elke unieke kind te plant.

Kontak Kinderakademie deur Ilze Smit by 082 856 8391 of Lily du Toit by 076 222 3369 te skakel.

## ORANIA DAGBOEK

### Oktober

**17-31** - Bejaardeweek
**17** - Paradys Tuinuitdaging Inskrywings
**18** - Halfmarathon
**25** - Dans bring kleur
**26** - Stap vir Jesus
**27** - NK Herlewingsdienste
**31** - Paradys Tuinuitdaging Beoordeling begin

### November

**1** - Raar maar Waar
**7** - Aandmark – Die Kuierstoep
**14** - Koerania Uitgawe 24
**28, 29, 30** - Herlaai Vrouewegbreek

### Desember

**5** - Orania Helpmekaar Kersboom
**10** - CVO-Skool Orania sluit
**12** - Volkskool Orania sluit
**12** - Aandmark – Die Kuierstoep
**12** - Koerania Uitgawe 25
**16** - Desember - Geloftedag
**25** - Desember - Kersdag
**26** - Desember - Gesinsdag

GRONDLYN

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

Dr. Wikus Buys - Begrondinstituut

# Jesus Christus, ons enigste ware hoeksteen.



*"Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie."* 1 Pet. 2:6.

*"So sê die HERE: Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie."* Jes 28:16.

**Ons vaste fondasie**

Die Here se raadsbesluit is die vaste fondament van alle dinge. So gou kan mens dit misverstaan en in die plek van vaste troos, kan onverskilligheid en fatalisme die oorhand kry. God wil sy kinders troos en hulle 'n vaste basis voorsien om op te hoop. Ons sien in die twee Skrifgedeeltes hierdie basis raak. Die eerste vaste vertrekpunt is die raadsbesluit van God self en die tweede is die hoeksteen vanuit daardie besluit.

Die Bybel leer op verskeie plekke dat die raad van God die beginsel is van alle dinge in ons lewe (vgl. Gen. 1:26, Ps 2:6-7, Job 38:2, Amos 3:7, Efes. 1:4). Jesaja verkondig ook hierdie raadsbesluit van God waardeur Christus as Middelaar vir ons gegee is. Jesus Christus, die geskenkte hoeksteen, het 'n vaste grond onder Hom – die ewige besluit van God die Vader, Seun en Heilige Gees. Die besluitende God maak sy besluit bekend. Dit is Hyself, die enige "Ek Is" wat die Middelaar stuur. God se ewige besluit is die diepste grond van ons verlossing. Watter troos en genade lê daarin opgesluit. God – en slegs die enige ware God – besluit oor ons lewe. In hierdie dae is dit so brood nodig om aan die soewereiniteit van God weereens vas te hou. Geen mens, geen staat, die satan en al sy meelopers, sal uiteindelik nie besluit wat van ons lewe word nie. Die Here regeer, en Hy alleen. So sê God self van sy raadsbesluit in Psalm 2:6: "Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg." Die aarde kan maar skud en beef, ons vyande kan maar rook en blaas, God voer sy vaste raadsbesluit uit. God bou sy kerk en koninkryk op die vaste fondament van sy Seun as gesalfde Hoof. Jesus Christus is gesalf met die Heilige Gees om die vaste fondament te wees waarop God se vaste besluit uitgevoer word.

God het besluit dat Hy deur sy Seun, Jesus Christus, sal regeer. Die Heilige Gees werk hierdie besluit uit in die lewe van mense. God stuur Hom, Jesus Christus as Verlosser en Koning. Die Here Jesus is die Hoof van alle dinge, en as sodanig is Hy as Hoof van die gemeente gegee (Efes. 1:22-23).

**Beproef**

Die profeet stel dat Jesus Christus die beproefde steen is waarop God sy hele gebou oprig. Hierdie woord 'beproef' beteken twee dinge. Soos wat vuur erts louter totdat die egte metaal te voorskyn tree, so is Christus beproefd verklaar voor God se gerig en oordeel. Dit het veral geblyk uit sy kruis en opstanding waar God se Seun die oordeel van God oor die sonde gedra het, ook 'n volk se sondes. Christus is beproefd verklaar as die Een wat die sonde kon betaal. Maar meer nog, Hy het ook ten tweede egte gehoorsaamheid bewys. Hy het betaal vir die sonde en Hy was – letterlik – tot die hel en die dood toe – gehoorsaam aan sy Vader. Christus voer die vaste besluit enduit deur.

Christus is ook die hoeksteen waarop die tempel van God verrys. Die tempel is uiteindelik die ware gelowiges wie se lewens gebou is bo-op hierdie hoeksteen, Jesus Christus. In die hoeksteen word die hele gebou se struktuur en vastheid gewaarborg. God bou met mense se lewens, as lewende stene sy gebou klaar. Deur sy Heilige Gees deel Hy sy gehoorsaamheid uit aan die wat aan God behoort. Dit strek ver uit en raak alle lewenslope aan, ook 'n volk se lewe voor God. Hoe staan ons voor God se gerig? Hoe staan ons tot God se genade? God doen dit omdat Hy sy raadsbesluit uitvoer, en hierdie besluit sluit alle dinge in, van die grootste tot die kleinste. Dit sluit ook ons lewe, persoonlik in maar ook ons hele volk se lewe.

**Glo en doen**

Mag ons in hierdie dae waar die volgende fase van ons ontwikkeling nou aanbreek, dit onthou: Jesus Christus is ons enigste ware hoeksteen. Mag alles wat ons dink en beplan en doen, staan teen die teken van hierdie enige hoeksteen. Mag dit die roepstem wees waarmee ons ons mede Afrikaners roep tot nuwe gehoorsaamheid as volk aan God. Dán kan ons leef uit 'n vaste wete – ons sal nie beskaamd staan nie. God sal klaar maak wat Hy begin het. Wat God in die voorgeslag begin het, sal Hy in ons kinders se lewe volvoer. God voer sy raadsbesluit uit, op die hoeksteen van sy Seun se lewe. Mag Jesus Christus deur die hele Orania erken word as die enigste Hoof. Hy is ons vaste fondament, op Hom kan ons geduldig bou – ook tot 'n vrye Christelike republiek.

# Simbole van Hoop: Die Afrikaner se Strewe na 'n Toekoms

Die Christen en sy owerheid




Foto: Dia van Staden

Carel van den Berg van Kameelberg Uitgewers, oorhandig die omslag van die boek Die Christen en sy owerheid, aan mede-skrywer, dr Wikus Buys.

Dr. Wikus Buys, Werner Human Direksievoorsitter Begrond en Operasionele bestuurder – Solidariteit Beweging Trust, asook mede-redakteur Paul Maritz het gesprekke gevoer oor die temas in die boek **Die Christen en sy Owerheid,** met verwysing na die woelinge in Suid-Afrika en Solidariteit se onlangse VSA-besoek.

Die kernboodskap is die langtermynwaarde daarvan om "elke dag die regte ding te doen."

Die Afrikaner se internasionale deurbraak het versnel omdat die VSA kon onderskei tussen die ANC se narratief en die Afrikaner se opregte begeerte om hulself te help en hul eie oplossings hier te skep. "Ons hoor Afrikaans, want hulle hoor ons harte," lui die indruk.

Die gespreksgenote glo dat 'n "Post RSA" en "Post ANC" era onafwendbaar is, met die verbrokkeling van die regerende party. Hulle waarsku egter dat verandering nie outomaties voorspoed waarborg nie. Afrikanisering is 'n ewige siklus van agteruitgang en magsentralisering, wat vereis dat die Afrikaner homself moet herinner aan God se belofte vir 'n toekoms.

Die behoud van geskiedenis en erfenis, soos in Amerika gesien, is noodsaaklik. Die uitdaging is om te aanvaar dat verandering kom, en om daardie verandering te gebruik vir volhoubare oplossings. Die proses van bedelingsverandering is dalk pynlik, maar dit bied die geleentheid om 'n beter toekoms te bou.

Dr Wikus Buys open uit Genesis…

Paul Maritz – mede-redakteur uit Duitsland saam gesels.

Werner Human - Direksievoorsitter Begrond Operasionele bestuurder – Solidariteit Beweging Trust

Dit is wonderlik om die woelinge met die belewenis van wat aangaan.

Verwys na Solidariteit se onlangse besoek aan VSA – "langtermyn waarde om elke dag die regte ding te doen"

Dit het te doen met VSA besoek, maar ook wat in SA gebeur.

Die internasionale deurbraak vir die Afrikaners het 'n paar jaar gelede begin. Meer onlangs… Die reënboognasie het nie gerealiseer nie.

Die VSA kon onderskei van boodskappe wat van die ANC ontvang is en dan van die Afrikaners ontvang is. Hul verstaan dat die Afrikaner hier is om verskil te maak en te skep. "Ons wil onsself help en hier 'n oplossing vind."

"Ons praat gebroke Engels in Amerika, maar hulle hoor Afrikaans, want hulle hoor ons harte."

Ons soek ons eie oplossings. Om die regte ding te doen oor lang tyd – die saad wat geplant is 33 jaar terug – oet ons onsself herinner dat die Here belowe het dat daar 'n toekoms vir die Afrikaner is.

Moederbeeld – simbole in Amerika – beskerming van geskiedenis en erfenis is oral sigbaar.

Ons weier om te ontkoppel van ons geskiedenis en erfenis.

Post RSA – dit is aanvoelbaar dat dinge besig is om te verander. Die wêreld is op 'n draaipunt.

Eerste tentpen – verandering waarborg nie voorspoed nie! Verbrokkeling van die ANC gebeur tans. ANC onlangs Bevrydingsberaad gehou.

2de tentpen – gedrag in die verlede voorspel ook gedrag in die toekoms. "Ons het Afrika bevry – het hul bespreek. Die boodskap oor 3 of 4 dae was – "There is a new scramble for Africa." Ons word weer onderdruk deur die Weste en ons moet meer saamwerk

Banda - …Hul het kommunistiese stelsel probeer omskep in kapitalistiese stelsel…

Post ANC – Bela / pensioen

Proses van Afrikanisering: Alewige siklus van agteruitgang en mag sentralisering. Land se geld uitbuit en hulself verryk.

Die bedelingsveranderings is onafwendbaar – dit gaan nie outomaties net beter wees nie.

## Vier seisoene fees



### LOXTON SE GEMEENSKAP HOU FEES

Die eerste Vier Seisoene Fees is op 11 en 12 Oktober in Loxton aangebied. 'n Heerlike ete by die Proerestaurant die Vrydagaand is deur ongeveer 80 persone geniet. Bekende sangers het die Saterdag by Die Skuur opgetree. Onder hulle was Anriëtte Norman, Wicus van der Merwe, Koos Kombuis, Gian Groen en Juanita du Plessis. Hanlie Bekker, organiseerder en eienaar van die venue, vertel dat dit die eerste fees was, maar dat 'n klein dorpie soos Loxton baie potensiaal toon omdat hul 'n ywerige gemeenskap het. Foto: Anriëtte Norman

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

VANUIT DIE GEHOOR

deur Dirk Klynsmith

# Op die pad saam met Paul Kruger


Foto: Verskaf
Die toneelgeselskap

Op 23 September 2025 het ons toergeselskap vroegoggend uit Orania vertrek, vol opgewondenheid en verwagting. By die bussie was ons verras toe ons kospakkies ontvang wat deur verskeie plaaslike instellings voorberei het en beskikbaar gestel het.

Aanvanklik was die atmosfeer bedees, met sagte geselsies tussen bure en kennisse. Maar soos die son oor die vlaktes begin styg, het die gees lig geraak. Grappe, gelag en geselskap het vinnig die oggendure begin vul. Dit was 'n mooi begin vir wat sou uitloop op 'n onvergeetlike ervaring.

**Langs die pad noord**

Ons eerste stop was in Bloemfontein vir koffie net na sonsopkoms. Daarvandaan het ons koers gekry Pretoria toe, waar ons vir Daniel ontmoet het, 'n vriendelike man wat nuuskierig kom kyk het na ons bussie met die "Oom Paul trek na Orania" advertensie daarop. Daniel het vertel dat hy jare gelede by Waterwese gewerk het, toe Orania nog onder dié departement geval het. Hy het stories gedeel oor sy dae aan die dam en die watervore, en met trots vertel hoe hy die dorp onthou. Dit was 'n kosbare gesprek- eerlik, respekvol en deurdrenk van herinnering aan hoe dinge eens was.

Namate die pad langer word, het die ogies in die bus begin toeval. Ek het sommer besluit om die BKO-bussie onoffisieel te herdoop na die "Rusbus" en het vir die lekkerte foto's geneem van my slapende mede-reisigers.

**Optredes, ontmoetings en ontdekking**

Die dae het daarna soos die wind verby gesnel. Optredes het mekaar vinnig opgevolg, en soms het ons nie eens geweet watter dag dit is nie! Tog is ons oral vriendelik ontvang.

Elke dorp het iets eie gehad, en oral het ons meer geleer oor ons geskiedenis en erfenis. Dit was merkwaardig om te sien hoe groot die belangstelling in Orania is, veral onder jongmense. Hulle wou weet, vrae vra, verstaan, en dis vir my 'n riem onder die hart om te sien dat daar steeds 'n honger is na ons geskiedenis, iets wat so dikwels verlore gaan.

By verskeie kerke het ons stilgestaan, en by Oom Paul Kruger se kerk het die orrelis vir ons Psalm 100 gespeel. Spontaan het almal saamgesing- 'n oomblik wat iets heiligs in die lug gehad het. Daarna het dit amper 'n tradisie geword: by elke nuwe kerk het ons weer gesing. In Potchefstroom, toe daar niemand was om die orrel te speel nie, het een van ons toerlede eenvoudig agter die klawers gaan sit en die groep verras met sy spel.

**'n Groep word 'n gesin**

Met elke dag op die pad het die groep nader aan mekaar gegroei. Die aanvanklike stil geselsies het verander in oop lag, grappies en gespot oor ons toneelkarakters en aanhalings. Party het selfs 'n eie humor-taal ontwikkel, soos toe ons 'n trop kameelperde sien en iemand uitroep: "Opsaal, Burgers!" waarna almal uitbars van die lag.

**Terug by die huis**

Bykans middernag het ons weer Orania binnegery - moeg, maar met harte vol dankbaarheid. Die toer het ons nie net nuwe kennis oor ons geskiedenis en geloof gegee nie, maar ook 'n dieper waardering vir mekaar.

Een gedagte het by ons almal bly vassteek: dat ons volk deur die eeue 'n noue pad saam met die Here geloop het. Dis daardie voorbeeld, uit die verlede geput, wat ons toekoms kan dra en wat ons met trots aan ons kinders moet oorhandig.












BO-KAROO OPLEIDING is ’n privaat opleidingsinstelling in Orania wat beroepskwalifikasies in skaars vaardighede aanbied, gebou op ’n Christelike fondasie en gewortel in die vryheid en uniekheid van ons Afrikaner kultuur.

# 2026 inskrywings is oop!

Boerderybestuur | Bou & Siviele Konstruksie | Siviele Ingenieurswese | Elektries
Loodgieter | Tuisversorging | Tuissorgassistent | Vroeë Kinderontwikkeling

Besoek www.bko.co.za vir meer inligting en inskrywingsvorm

BKO
BO-KAROO OPLEIDING

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

## Die Orania **Karnaval** se optog was kleurvol! BKO het met die wenvlot geseëvier!


















Oraniër Annelize Bredenhann het op 27 September in Colorado, Amerika, aan Nic van der Walker, ' boer, verloof geraak. Dié paartjie het ' troudatum bepaal en beplan om hul in die VSA te vestig.




**Petrus Rens het Koerania by Chanien Manson, Aan-die-Oewer Restaurant, 'n intekenaar, afgelewer. Jy kan ook 'n intekenaar word deur www.koerania.co.za te besoek en op die skakel te klik vir meer besonderhede.**






Cyclone Motorfietsklub vier 50 jaar. Geniet 'n paar informele foto's van 'n wonderlike naweek by die Vanderkloof Damwal Karavaanpark waar motorfietsvriende saam kon kuier en nuwe herinneringe bou. Die Cyclone-klub is die oudste onafhanklike klub in die land. Volgens Nicky Lombard, Sekretaris van die klub, was dit nog 'n onvergeetlike naweek vir meer as 287 motorfietsryers om te hergroepeer en nuwe planne vir 2026 te maak. Die inwoners van Vanderkloof het die ekonomiese inspuiting vir hulle dorp verwelkom.









Foto's: Henriëtte Vorster en Dia van Staden


Jou
Vakansiebestemming
in VanderKloof
VANDERKLOOF DAMWAL KARAVAAN PARK
GESTIG · 2023
Kampering
Visvang
Ontspanning
Funksies
Kontakbesonderhede vir besprekings
067 394 0025
karavaanpark@vanderkloof.co.za
www.vanderkloof.co.za

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# Jaarlikse musiekfees bring groot name

**Op Saterdag 4 Oktober het Orania CVO-skool weer die Orania Gaan Groot-konsert aangebied. Die gehoor het vanjaar dalk effens gekrimp, maar die pret het aanhangers laat sing en dans!**



Fotos: Dia van Staden







Irene Louise van Wyk



Ricus Nel




Pieter Smith



Liezel Pieters



Bobby van Jaarsveld









## MATRIEKAFSKEID van CVO-skool

Die CVO-skool Orania het op 4 Oktober hul matriekafskeid by die Banketsaal gehou. Die rooi, swart en wit dekor het stylvol daartoe bygedra dat die skoolverlaters hulle laaste formele geleentheid met swier kon geniet. Tiaan Theron het met sy kreatiewe aankondiging van die matrieks se name by hul aankoms die gehoor geleentheid gegee om 'n persoonlike kwaliteit van elke skolier te herken.
Foto's: Dia van Staden




Christiaan Murray (metgesel), Nina Hugo (graad 12)



Kobus Theunissen (graad 12), Ilze-Marie du Plessis (oudleerling, metgesel)




LJ van Rensburg (metgesel), Nina de Villiers (graad 12)




Nadia Rix (graad 11, metgesel), Stefan van Wyk (graad 12)



Jana Hugo (graad 12)



Innes Joubert (metgesel), Abi Jacobs (graad 12)



Jacobus Venter (graad 12), Zincke Straszacker (graad 11, metgesel)

## WOORDFEES: waar baie meer as woorde gedeel word

Die Woordfees word sedert die jaar 2000 in Stellenbosch aangebied. Koerania het gaan DEEL in die kuns, kos en kultuur van dié unieke fees.
Saartjie Botha, Direkteur van die fees, skryf in haar boodskap: "Dit bly 'n voorreg om die Woordfees jaarliks op Stellenbosch aan te bied, in 'n landskap vol skoonheid en vooruitgang, maar ook met 'n sigbare herinnering dat dit nie met almal ewe goed gaan nie. 'n Fees bly 'n wonderlike platform om diskoers te voer, in te lig en te mobiliseer."
So tussen die studente van die Universiteit van Stellenbosch word daar met musiek, woorde, klanke, kos, kernvrae en kopskuiwe gedeel. 'n Lywige program laat geen ruimte vir onsekerheid wanneer daar gekies moet word wat 'n individu wil bywoon of deel van wil wees nie.
Koerania het kontak gemaak met skrywers, bemarkers en 'n goeie skeut gesprekke met vroue van die omgewing gedeel.

US WOORDFEES



Suzanne Paxton (RSG), Contessa Kruger (Herlaai), Riaan Grobler, skrywer en Dia van Staden het 'n vinnige gesels oor elkeen se belewenis van die fees ingepas.



Leon van Nierop en Riaan Grobler, albei skrywers, het tyd gemaak vir 'n gesprek oor hulle bedryf wat steeds ruimte laat vir kreatiwiteit. Dia van Staden, redakteur van Koerania, het 'n gesprek bygewoon waar dié 2 manne en Chanette Paul oor hulle vermoë gesels het om die lesersgehore nuuskierig te maak vir hulle volgende stories.

OKKASIE HASIE
maak elke funksie 'n fees!
Dia van Staden • 083 726 1180 • dia@mweb.co.za

KOERANIA Sport
Oktober 2025
Volume 1 Uitgawe Nr 23

oraniadigitaal.com
Webgasheerdienste
ORANIADIGITAAL

# Eerste tafeltennistoernooi lewer verrassings op

Aangesien dit die eerste toernooi was wat deur Koerania gereël is, was dit 'n ontdekking om die kwaliteit in ons eie gemeenskap waar te neem. Vier vrouens het sommer teen die mans ook kragte gemeet.
Die Bloustoor het vir 'n heerlike ruimte gesorg en terwyl daar lekker musiek gespeel het, het die balle begin klap. Daar is drie blaaie opgestel en daar is vir meer as 4 ure aanmekaar gespeel.
Die uiteindelike wenner, Adam, het al sy wedstryde van die dag gewen. Die spelers sien daarna uit om binnekort teen die Bo-Karoo Opleiding se spelers te speel. Daar is 'n Whatsapp-groep begin waarby voornemende spelers kan aansluit. Kontak Dia by 083 726 1180 vir die skakel.
Op Saterdag 20 September het 13 spelers rakette opgeneem om vir die wisseltrofee van die tafeltenniskampioene te kompeteer. Die jongste speler, Adam Naudé, het met akkuraatheid en vernuf die oorhand gekry.







Adam Naudé




Fotos: Verskaf

# Rolbalbaan vorder goed

Die Rolbalklub se kikuyu grassooie vir die walle en banke se bedekking is onlangs afgelewer. Die bestuur het die studente van Bo-Karoo Opleiding vir hul hulp bedank. Hans Richardt is die projekbestuurder wat voorvat om die proses tot voltooiing te bestuur. Die spesiale rolbalgras vir die perk is gesaai. "So sal ons hierdie projek wen om vir Oraniërs 'n spog sportfasiliteit daar te stel," vertel Francois van Schalkwyk.
Lida Strydom, Burgemeester, het die klub se bestuur en hul helpers geluk gewens met die vordering en hul toewyding om van die baan 'n pragarea te maak.
Kontak gerus die bestuur indien u 'n lid van die klub wil word of ń bydrae wil maak om die rolbalbaan se afronding 'n hupstoot te gee.
OSK rekening: ORANIA ROLBALKLUB - GO 019





**Amateurstoei**
Willem Strauss - 079 299 0631
Saamstaangebou
Seuns vanaf 6 jarige ouderdom kan aanmeld
Maandae en Donderdae van 17:30 tot 19:00



**Tennis**
Willlie Steenkamp - 082 490 4935



**Fietsry**
Dewald Otto
084 557 4223
Groepritte: Dinsdagmiddae en Saterdagoggende



**Muurbal**
Victor Correia - 082 568 5587

**Orania Rolbalklub**
**Voorsitter: Francois van Schalkwyk**
**0730891604 / francoisvs57@outlook.com**
**Nuwe rolbalbaan tans onder konstruksie.**



**Jukskei**
Thinus van Dyk
0731693505
Woensdae en Donderdae 16:30 tot laat



**Perdry**
Jessica Bornman - 082 823 2541

